

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-06-01

DIE STAAT teen :

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21
ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS :

LUBBE OPNAMES

VOLUME 410

(Bladsye 23 904 tot 23 968)

COURT RESUMES ON 1 JUNE 1988.

MR YACOOB: In relation to the witnesses to be cross-examined today my learned friend Mr Jacobs informs us that the witness from Leandra is likely to be cross-examined more shortly. The defence would therefore propose that we should dispose of the Leandra witness first.

COURT: Yes certainly.

DOBI DAVID MAHLANGU: voe (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Daar is 'n paar punte wat ek net wil opklaar met u. Die eerste is die "temporary (10 council" - ek sal hom by dieselfde naam noem as wat hy hier bekend was - dit is die liggaam wat gestig was deur die gemeenskap in Leandra? -- Ja.

Nou as daar dan hierdie gemeenskapsliggaam was hoekom het julle dan die "action committee" gestig? -- Dit was weens die ontevredenheid wat daar bestaan het oor hulle byvoorbeeld in 1981 was hulle gestuur deur die gemeenskap om 'n oplossing te vind aangaande die verskuiwing. Hulle het jare geneem om terug te kom na die gemeenskap toe, byvoorbeeld hulle het eers in 1983 teruggekom. In plaas dat hulle praat oor die verskuiwings wat hulle oor gestuur was, hier kom praat hulle van die getal huise wat gebou gaan word.

So was die enigste klagte dan teen die "temporary council" dat hulle so lank geneem het om terug te rapporteer aan die gemeenskap? -- Ja, want ons het gesit sonder enige waarborg of ons nou gaan geskuiwe word of nie.

Weet u van enige ander klagtes wat daar teen die "temporary council" was? -- Ja, soos ek alreeds gepraat het van die verskuiwings en dat hulle lank geneem het om terug te rapporteer aan die gemeenskap. Tweedens hier kom hulle nou met 'n ding (30 terug / ..

terug wat hulle nie eens gevra was om te gaan uitvind nie. Hulle kom sê vir ons van die getal huise wat gebou gaan word en derdens hier praat hulle nou van die huurgeld wat hulle nou vir ons kom sê wat baie hoog was, wat hulle sê sal wees tussen R68 en R104 per maand.

Was die "action committee" gestig om die funksies van die "temporary council" oor te neem? -- Nee.

Is jy seker daarvan? -- Ja.

Het hierdie "temporary council" ooit ingestem tot hierdie verskuiwings? -- Nee, maar hulle het teruggekom en vir ons (10 gesê die persone met die kwalifikasies van die letter (d) sal nog moet trek en destyds het ons nog nie geweet wat dit was, wat dit beteken het nie.

Maar my vraag is, het hulle toegestem namens die gemeenskap dat die verskuiwings moet plaasvind? -- Nee, ek sal nie kan sê of hulle toegestem het of nie.

Was daar nie sulke sprake nie? -- Maar ek dink ek het hier vir die hof verduidelik dat na die vergadering van Mei 1983 mense het daar in klompies gaan staan en met mekaar gepraat dat hulle nou nie seker was van wat gebeur het nie, en die mense (20 praat nie daarvan dat ons nou nie meer gaan trek nie. En Botha het die oorspronklike kennisgewings daar opgeskeur, maar hy het nog nie vir ons iets kom toon of kom aflewer waarin hy sê dat ons nie meer verskuiwe word nie.

Maar my vraag was anderste gewees. My vraag is net was daar nie sprake gewees dat hierdie "temporary committee" wel toegestem het tot die verskuiwing van die mense nie? -- Nee, ek weet nie daarvan of hulle ooit saamgestem het met die verskuiwing nie.

Nou 'n volgende aspek wat ek met jou wil behandel is (30

die / ..

die samewerking wat jy sê wat daar was tussen die raad, dit is die gemeenskapsraad en die aksiekomitee. -- Ja, daar was so-iets.

Nou die eerste aspek is het ek jou getuienis reg verstaan dat jy gesê het dat die aksiekomitee het nooit enige blaam geplaas vir enige iets op die raad nie? -- Ja, ek het dit gesê.

En is dit die waarheid? -- Dit is die waarheid volgens my kennis, ja.

Die samewerking, kan jy vir die hof net sê tot wanneer het dit geduur? -- Ja, daar was gewees, byvoorbeeld ons was (10 saam gewees by die hooflanddros wat vir ons gesê het dat die mense se tydperk nog nie verstryk het in die kantoor nie. Ons het dit so aanvaar. 'n Ander probleem wat ontstaan het daar was dat hulle dinge gedoen het wat ons nie mee tevrede was nie, byvoorbeeld die manier waarop hulle aangegaan het met die verskuiwing van mense. Dit is die dinge wat ons nie aanvaar het nie, maar nie dat ons die raad as 'n raad nie aanvaar het nie, net dinge wat hulle gedoen het was nie aanvaarbaar gewees nie.

Het julle met die raad saamgewerk vandat die aksiekomi-(20 tee gestig is in die hele 1983? -- Ons het lekker gewerk.

En in 1984 het julle saamgewerk totdat julle die landdros gaan sien het oor die verstryking van die termyn van die raad? -- Ja, ek sê so.

En dit was hierso ongeveer tot September rond in 1984 is dit reg? -- Wat gebeur het?

Hier in September na Oktober toe, toe daar nou stryery gekom het met die raad omtrent die termyn, dat hulle termyn verstreke is? -- Dit kan om en by daar wees ja, want volgens die kennisgewings daar was dit gesê dat hulle net vir 'n jaar(30

'n /..

'n termyn van die kantoor gaan hou.

En tot op daardie stadium het raadslede julle algemene vergaderings bygewoon? -- Van die vergaderings het hulle bygewoon ja, maar nie almal nie.

Maar hierso in die middel van die winter in 1984, het hulle nog die vergaderings van julle aksiekomitee bygewoon, openbare vergaderings? -- Ja, ek onthou dat hulle 'n vergadering bygewoon het as ek reg is, spesifiek hierdie vergadering waar ons die brief gelees het waarin dit gesê was dat ons nie meer van Leslie moet trek nie of hoef te trek nie. (10

En IC.19, het hy hierdie vergaderings ook bygewoon? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie. Al wat ek kan sê is dat van die raadslede was teenwoordig gewees, al kan ek nou nie meer onthou op name wie hulle was wat teenwoordig was nie.

Hy was mos die voorsitter van die raad gewees of die burge-meester, ek weet nie wat noem julle hom nie? -- Hy is nou nog die leier.

Ja, kan jy nie onthou dat hy daar was nie? Dit was mos 'n belangrike vergadering? -- Wat dit vir my moeilik maak is dat party kere het hy mense gestuur wat op die raad gedien het, (20 byvoorbeeld van die vergaderings was bygewoon deur Mdake namens hom, of Nkosi en/of Skhosana.

Kan u onthou.. -- Dit het so gebeur dat hy mense af en toe gestuur het, partykere dat hy saam met daardie mense teenwoordig was; dat ek nie vandag hier vir die hof kan sê by watter vergadering hy persoonlik daar was, by watter vergadering hy verteenwoordigers gehad het nie.

Maar jy weet dat in 1984 het hy verskeie vergaderings bygewoon volgens ek jou getuienis nou verstaan? -- Ja, ek sê so.

En die vergadering waarna jy verwys, dit is nadat julle (30
die / ..

die brief DA.204 gekry het, BEWYSSTUK DA.204, dit is die brief van die minister? -- Ja, want ons was baie bly gewees.

Hierdie brief is gedateer 6 Julie 1984. -- Julie?

Julie - July. -- Ja, dit is mos in die winter. U praat van die winter self.

En het die raadslede waarby IC.119 na Februarie ...

HOF: Ek dink ons bly maar by 19. Ons het gelukkig nog nie so baie IC-nommers nie.

MNR JACOBS: Ekskuus, edele.

HOF: Nie 119 nie.

(10)

MNR JACOBS: IC.19 en ander raadslede na Februarie 1984 van julle komiteevergaderings bygewoon?

HOF: Die datum is Februarie 1984? Februarie?

MNR JACOBS: Februarie, ja. -- Ja, ek sal u sê wat het gebeur. In Januarie 1984 het ons in die koerantberig gelees dat ons moet verskuiwe word. Ons het toe die lede van die gemeenskapsraad genooi, dit is die mense wat vroeër by ons was, by die komitee wat later op die raad gekies was, wat ons genooi het. Ons het toe met hulle gaan praat en navrae gedoen of hulle nou enige iets gedoen het, by die kommissaris iets uitgevind het want ons het alreeds 'n brief geskryf ten opsigte hiervan. Dit wil sê na Januariemaand se berig wat ons gelees het.

Was dit ook na Februariemaand wat julle saam vergader het? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar dit het nie lank geneem dat ons hierdie vergadering of dat ons bymekaar gekom het met hulle na die opdrag van die gemeenskapsraad dat ons saamwerk, dat die raad saam met ons die vergadering bygewoon het.

Ja, en daarna het hulle nog saam vergaderings gehou? -- Daarop het hulle gesê dit word gesê deur die gemeenskap dat ons alleen moet werk, hulle sal ook maar alleen werk; dat ons

nie / ..

nie bymekaar kom nie. Ons sal net sien hoe ver ons die hele ding kan uitvoer, dit wil sê dat ons die verskuiwings kan teësit.

Nou as daar 'n bewering gemaak was dat IC.19 nooit enige publieke vergadering van die aksiekomitee bygewoon het nie, wat sê jy daarvan? -- Watter soort vergadering, met die gemeenskap of net ons alleen?

HOF: Nee, publieke vergadering. -- Hy het van die vergaderings bygewoon, alhoewel hy nie almal bygewoon het nie.

MNR JACOBS: Het jy kennis gedra dat die hoofkommissaris van(10 Pretoria 'n vergadering op Leandra bygewoon het en met die raad daar samesprekings gevoer het? -- Nee.

Op 20 Junie 1984. -- Nee, as ek nie 'n fout maak nie, as ek reg is, my geheue is dat die hooflanddros 'n vergadering met die gemeenskapsraadslede gehou het nie 'n kommissaris van Pretoria nie.

Het jy ooit kennis gekry of kennis daarvan gedra dat die hoofkommissaris van Pretoria op 20 Junie 1984 'n vergadering gehou het met die gemeenskapsraad in Leandra?

HOF: Die antwoord is hy weet nie daarvan nie. (20

MNR JACOBS: Nee, ek vra of hy ooit agterna kennis gekry het daarvan, persoonlike kennis daarvan.

HOF: Ek het gedink dat hy sê hy weet nie daarvan nie?

MNR JACOBS: Jy sien, hoekom ek jou vra want hierdie brief wat jy geïdentifiseer het, DA.204, daarin word dit gesê. Het jy hierdie brief ooit gesien? -- Ek het die brief gesien. As dit die brief is wat ek gesien het, dit word nie so gemeld nie.

Wel, dit is die brief wat julle, die verdediging aan ons gegee het. Kyk daarna, BEWYSSTUK DA.204, wat ingehandig is deur jou hierso. -- Die kopie wat ons gehad het, die prokureur (30

het / ..

het dit teruggevat na ons klaar was met die getuie.

HOF: Nee, maar hy moet die kopieë nie terugneem nie want ons wil 'n stel hê vir die getuie. Mr Yacoob, where have they gone?

MR YACOOB: We are looking for them, m'lord, I do not know where..

COURT: Yes well, please speak to your attorney. All copies you have handed in, we want a copy for the witnesses.

MR YACOOB: As m'lord pleases.

MNR JACOBS: Ek kan myne vir hom gee, edele. Al wat ek gedoen het, ek het net 'n streep onder die datum getrek.

HOF: Ja, oorhandig die kopie maar aan die getuie. -- Ja, ek sien dit.

MNR JACOBS: Daardie tyd as ek jou getuienis dan reg verstaan was daar nog samewerking tussen julle, die aksiekomitee, en die gemeenskapsraad. Het julle hierdie vergadering bygewoon? -- Nee, ek het nie van die vergadering geweet nie.

Nou na hierdie vergadering van 20 Junie 1984, is dit so dat die raad het toe 'n algemene vergadering, 'n openbare vergadering gehou met die gemeenskap en gerapporteer wat hier gesê is deur die hoofkommissaris van Pretoria? -- Nee, hulle het nie 'n vergadering gehou nie. (20

Hoe weet jy? Het jy al hulle vergaderings bygewoon? -- Dit sê ek want hierdie brief was aan ons gerig op ons versoek dat ons 'n prokureur opdrag gegee het om te skryf. Die brief was nie aan hulle gerig nie.

Maar die kommissaris het aan hulle persoonlik gerapporteer, die hoofkommissaris. -- Ek sal dit nie betwis nie, maar hulle het ons nie in kennis gestel van die kommissaris wat daar was nie.

Nou as ek jou getuienis reg verstaan het jy vir die hof gesê dat nadat julle hierdie brief, BEWYSSTUK DA.204 ontvang (30

het / ..

het en julle aan die mense gerapporteer het was die kwessie van die verskuiwings geheel-en-al opgelos? -- Ja.

Stem jy saam dat daar was van owerheidsweë na hierdie brief nooit weer gesê dat enige persoon van Leandra verskuif sou word nie, hetsy inwoners wat permanent is of hetsy daardie 116 families? -- Ja, dit is reg, dit het nie meer plaasgevind nie want daardie brief praat ook maar van die 116.

En as daar beweer was dat daar in September/Okttober weer berigte of gerugte die ronde begin doen het dat die 116 families gaan verskuif word, dan is dit nie die waarheid nie? -- Ek (10 kan so sê ja, want ek weet nie daarvan nie. Mag ek sit, edele?

HOF: Ja, seker.

MNR JACOBS: Die 116 families het hulle gewoon in die - ek sal dieselfde woord gebruik wat voorheen algemeen bekend was - die "waiting place"? -- Nee, ons weet nie wie die persone is nie want daar was nie name gegee van die persone om te kan weet wie hulle is en waar hulle woon nie.

Was dit nie ooit geblameer dat hierdie mense word verskuif na die "waiting place" toe sodat dit 'n gerieflike metode is om dan te verskuif uiteindelik na KwaNdebele nie? -- Nee, die (20 klagte oor daardie mense was hoekom word hulle nie in die huise geplaas waar die huise gebou is nie. Hoekom moet die gesin gebreek word in twee of drie, dat van die gesin na die nuwe huise toe trek en 'n gedeelte daarvan moet na daardie plek toe gaan nie. Dit is al klagte wat daar was.

U sê dit was nooit gesê dat die mense was net daar gehou in daardie "waiting place" om hulle daar te kry en dan te verskuif nie? -- Volgens my kennis na daardie brief nie.

En was die raad en die outoriteite nie dalk daar geblameer oor die mense in daardie "waiting place" gesit is vir daardie(30

doel / ..

doel deur die aksiekomitee nie? -- Nee, alle blaam wat op hulle geplaas is was dat hulle die mense daar geplaas het maar nie dat hulle daar geplaas was met die doel dat hulle verskuiwe moet word vanaf daardie distrik nie.

Kan jy onthou dat die woorde gebruik was dat dit 'n strategie of 'n "trick" van die outoriteite was? -- Nee.

Was die raad nie geblameer dat hulle hierdie mense geplaas het in die "waiting place", oor die gebrek aan fasiliteite daarso, gebrek aan water, onder andere "make-shift" toilets. "toilet facilities"? -- Nee, daar was nie sulke klagtes (10 gewees nie want dit was presies dieselfde gewees met die ou lokasie wat dit betref, want die water moes hulle gaan kry het by die naaste kraan wat daar was in die straat net soos enige ander inwoner van die ou lokasie. Verder wat die fasiliteite betref as geheel was daar nie so 'n klagte gewees nie. Die enigste klagte dat hoekom hulle soontoe verskuiwe word, hoekom word hulle nie huise gegee nie, dat hulle huise toegeken word by die nuwe huise. Dit is al klagte wat daar bestaan het.

Nou is die mense wat daar in die "waiting place" was dan nie nuwe huise na 'n tyd gegee nie? -- Nie een van daardie (20 mense by die "waiting place" was huise toegeken van die huise wat daar gebou was nie.

HOF: Maar is hulle dan nou nog op die wagplek? -- Ja, hulle is daar naby die hoofpad, Pretoria/Standerton hoofpad.

Nou nog? -- Nou nog, ja.

MNR JACOBS: En nie een van hulle het huise gekry nie? -- Nie wat ek van weet nie, edele.

ASSESSOR: Staan daar huise leeg? -- Nee, hulle is almal vol.

MNR JACOBS: Van wanneer af is die mense in hierdie wagplek geplaas? Wanneer is hulle daarin geplaas die eerste keer? (30

Ek / ..

-- Ek kan sê sedert die begin van die toekenning van huise by die nuwe huise daar.

Wanneer was dit? -- As ek nie verkeerd is nie dit is tussen hierdie tydperk om en by die einde 1983 of begin 1984.

Op daardie stadium toe hulle daar geplaas was, was daar al huise gebou in die nuwe projek wat daar aangepak was, die 117 huise? -- 117?

712, ekskuus. -- Wat gebeur het is dat die eerste klompie huise is gebou, mense is die huis toegeken vanaf die ou lokasie. Terselfdertyd was daar dan mense wat moes getrek het na die (10 wagplek toe terwyl die ander na die nuwe huise toe trek. Toe hulle die tweede klompie huise ook gebou het, dit het so aangegaan dat daar sekere van die mense van die ou lokasie in die huise ingetrek het en die gedeelte van daardie mense was ook maar weg na die wagplek toe.

HOF: Laat ek net vir u iets vra. As mense geskuif is na nuwe huise toe is die ou huis dan afgebreek? -- Ja, dan sê hulle die plek word afgebreek.

So die mense wat in die huis was wat te veel was volgens hulle, dié wat te veel was moes in die wagplek wag en die (20 ander moes in die nuwe huis intrek? -- Ja, dit is wat gedoen was.

En watter soort mense het hulle laat wag in die wagplek? -- Dit het so gebeur: dit is 'n groot standplaas waar die ouers woon saam met miskien drie seuns wat ook getroud is en daardie standplaas het 'n nommer. As 'n huis toegeken word teenoor die nommer van daardie standplaas in die nuwe lokasie dit beteken daardie standplaas, alles wat daarop staan moet gebreek word. In die huis kan net die ouers en die kinders akkommodeer word sonder die drie seuns wat getroud is. Dit beteken dus dat die drie seuns sal dan moet trek na die wagplek toe omdat (30
daar / ..

daar nog nie huise was vir hulle nie.

Ek begryp, dankie.

MNR JACOBS: Het daar in Leandra raadslede bedank? -- Ja.

Toe hulle bedank wanneer was dit gewees? -- As ek nie ver-
keerd is nie twee van die raadslede het in 1985 bedank of vroeg
in 1986. Dan een van hulle het later in 1986 bedank.

Kan jy onthou of julle toe tussenverkiesings gehou het en
of die aksiekomitee toe kandidate gestel het daar vir daardie
mense? -- Dit was in 1983, 1984 en 1985 was die termyn van die
raad gewees op kantoor, so ons het aanvaar dat met einde (10
1985 sal ons dan die reg hê om kandidate te kies wat dan in
die raad sal moet dien, want volgens die hooflanddros was die
termyn net vir drie jaar gewees.

Maar ek is nie.. -- Ons het beoog om mense daar te hê by
die verkiesings.

My vraag gaan oor toe hierdie mense bedank het uit die
raad uit, toe is daar nie raadslede nie; het julle toe tussen-
verkiesings gehou en kandidate gestel? -- Nee, ons het nou eers
mense gekry wat daar gaan staan het as kandidate by die "by-
election", want Smit het nou vir ons gesê dat daar 'n "by- (20
election" gaan wees, maar voor dit, vroeër het hy nie vir ons
gesê nie.

Is dit nie so daar gaan nou verkiesings wees en nie "by-
elections" nie?

HOF: Wat sukkel ons nou so, mnr Jacobs? Was daar of was
daar nie 'n tussenverkiesing nie? As daar nie was nie dan is
die hele debat nutteloos. As daar een was sê vir die getuie
daar was 'n tussenverkiesing op hierdie datum en julle het of
julle het nie kandidate gestel nie. Hoekom moet ons so 'n
lang pad loop? (30

MNR JACOBS: Ek wil dit net aan jou stel dat julle het in die plek van hierdie mense wat bedank het nooit uit die aksiekomitee enige tussenverkiesingkandidate gestel nie.

HOF: Maar was daar 'n tussenverkiesing? As daar nie 'n tussenverkiesing gehou is nie dan kan jy die man nie blameer dat daar nie kandidate gestel is nie? Ons moet tog eers punt A vasstel voor ons by punt B kom?

MNR JACOBS: Dan sal ek hom dit so vra, het julle aangedring om tussenverkiesings te hou?

HOF: Nee, was daar 'n tussenverkiesing? (10)

MNR JACOBS: Ek kan nie sê nie, edele.

HOF: Nou maar as daar nie was nie dan verval die debat, dan mors ons ons tyd.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag. Ek wil net een stelling maak aan jou dat julle het ook deur die aksiekomitee UDF se "Million Signatures" kampanje bedryf daarso en handtekeninge gekry van mense in daardie kampanje. -- Nee, ons sou dit nie gedoen het nie. Die UDF wou niks gehoor het van die raadslede nie.

RE-EXAMINATION BY MR YACOOB: No further questions.

NO FURTHER QUESTIONS (20)

MR YACOOB asks to be excused.

MONDE PATRICK NKONKI, v.o.e. (deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Dankie, edele. Toe julle besluit het om 'n jeugorganisasie te stig, hoekom het julle besluit op die naam "Youth Congress"? -- Dit is omdat dit 'n jeugorganisasie sou gewees het.

Maar hoekom "congress" spesifiek? -- Dit is omdat ons gelees het in die koerante dat daar sulke organisasies bestaan het en dus het ons besluit om die organisasie ook so te noem.

Het julle 'n embleem gehad vir die Adelaidse Youth (30)

Congress/..

Congress? -- Ons het dit nog nie gehad nie.

Het julle nie 'n embleem gehad van 'n kaart van Afrika met twee groetende hande daarop nie? -- Dit was nie 'n embleem gewees van die organisasie nie. Dit was wel 'n embleem gewees wat deur 'n persoon gemaak was maar nog nie aanvaar deur die organisasie nie.

HOF: Wie het dit gemaak? -- Baba Totyi.

Hoe spel mens dit? -- T-o-t-y-i.

Baba Totyi - maar dit was nog nie aanvaar nie? -- Nee.

MNR JACOBS: Het julle op die embleem ook die woorde gehad: (10 AYCO, wat staan in hierdie geval vir Adelaide Youth Congress, plus die woorde: "Long live unity" en dan "identify yourself"? -- Ja, daar was so-iets gewees.

Ja, en julle het dit bespreek? -- Ons was besig om dit te bespreek sonder om enige besluit daaromtrent te neem.

Ek sal nou-nou bietjie daarop terugkom. Dan is dit nie so dat julle het ook bespreek dat hierdie Adelaide Youth Congress hulle eie kleure moes hê en 'n uniform nie? -- Ons was besig om dit te bespreek, ja.

Die klere wat julle oor ooreengekom het, was goud en (20 groen? -- Dit is so, ja.

En dan het hulle ook hemde of T-hemde gehad waar voorop die embleem was "Plus AYCO" en dan op die rugkant was daar ook AYCO en die woorde "identify yourself". -- Nee, ons het dit nie gehad nie.

En is dit nie so dat die Adelaide Youth Congress het ook 'n banier gehad waarop hierdie kleure en hierdie embleem voorgekom het? -- Nee, daar was nie.

Adelaide Youth Congress het ook 'n konstitusie gehad? -- Ja, dit het gehad. (30

Dié konstitusie was aanvaar gewees? -- Ja, dié was aanvaar.

Dan was hierdie embleem mos ook aanvaar want dit word beliggaam in die konstitusie? -- Nee, dit was nie in die konstitusie betrek nie.

Is jy seker? -- Ja.

Want ek wil dit aan jou stel dit is so dat dit in die konstitusie beliggaam is. -- By die konstitusie wat gemaak was of beplan was in my teenwoordigheid het ek nie daarvan bewus geword nie. (10)

Is dit korrek dat hierdie konstitusie is aanvaar op - is bespreek en is aanvaar op 'n algemene vergadering, 'n massaver-gadering? -- Dit is so.

En julle het 'n spesiale spreker uitgenooi om behulpsaam te wees hiermee en julle toe te spreek op hierdie vergadering naamlik Mathew Goniwe vanaf Cradock. -- Nee, dit is nie so nie.

Op daardie stadium was Mathew Goniwe die voorsitter van CRADORA, dit is die Cradock Civic Association of Residents' Association? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Was hy ook op die bestuur van die UDF van die Oos-Kaap (20 streek van UDF? -- Ek volg nie, is dit 'n stelling of..

Ja, vra hom, het hy kennis gedra dat hy was die.. -- Ek weet nie daarvan nie.

Wie het julle genooi na hierdie vergadering toe om julle behulpsaam te wees met die opstel van 'n konstitusie en met die stigting van hierdie jeugorganisasie? -- Daar was niemand gewees wat ons genooi het van buite die area van ons nie.

Wie het gehelp dan met hierdie aspekte? -- Die lede van die gemeenskap daar was ons behulpsaam gewees.

Wie het julle gehelp? Gee vir ons die name? -- Mnr Nkonki (30

was / ..

was een van hulle.

HOF: Is dit familie? -- Dit is my pa.

Ja? -- Mnr Bonani, mev Petros.

Hoe spel 'n mens dit? -- P-e-t-r-o-s.

MNR JACOBS: Ken jy vir Thembekile Tyanti. Ek sal dit spel, ek weet nie of ek dit reg uitspreek nie. T-y-a-n-t-i. -- Ja, ek ken hom.

Is hy nog 'n skolier? -- Ek weet nie want die persoon is nie in Adelaide nie, so wat die persoon besig is om te doen of waar ookal sy is weet ek nie. (10

Maar hy was mos die sekretaris..

HOF: Is dit 'n vrou of 'n man? -- Dit is 'n manspersoon, hy was die sekretaris.

MNR JACOBS: So hy was in Adelaide en hy was woonagtig te 3A Fairview swart woongebied, Adelaide. -- Ja, hy het daar gewoon.

En soos ek sê hy was die sekretaris van die Adelaide Youth Congress? -- Dit is so.

En kan jy onthou dat hy en 'n groep mense van Adelaide het gegaan na Cradock toe en 'n begrafnis bygewoon van 'n persoon, ek sal die naam spel: T-h-a-n-d-u-x-o-l-o en die van is Boss -(20 B-o-s-s. -- Te Cradock?

Ja. -- Ek onthou nie meer nie.

Sien hierdie Boss was 'n slagoffer in die onluste in Cradock gewees. -- Nee, ek weet nie meer daarvan nie.

HOF: Hoe ver is Cradock van Adelaide af? -- As ek moet skat dit is minder as 100 km. Verskoon my, 100 plus.

Dankie.

MNR JACOBS: Jy sien julle organisasie, Adelaide Youth Congress was amptelik uitgenooi deur CRADORA om die begrafnis by te woon. -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie. (30

En / ..

En hierdie Tyantyi, die sekretaris van julle organisasie is die persoon wat amptelik gegaan het as julle verteenwoordiger saam met 'n groep mense vanaf Adelaide om die begrafnis by te woon. -- Ek onthou nie daarvan nie.

En julle het daar julle banier van Adelaide Youth Congress ook gehad op hierdie begrafnis waar julle deelgeneem het. -- Ek weet nie daarvan nie.

Die begrafnis het hier in Aprilmaand 1985 plaasgevind. -- Nee, ek weet nie meer daarvan nie.

Ken jy vir Ngcneni. -- Ek ken hom. (10

Ek sal weer die naam spel, N-g-c-e-n-e-n-i Lawrence July. Hy was 'n bestuurslid van Adelaide Youth Congress. -- Hy was nie 'n lid van ons bestuurskomitee nie.

Dit is eienaardig. Hy was dan verkies op daardie vergadering op die bestuur van AYCO. -- Nee, hy was nie.

Mhlemeli Morris Phoswa?

HOF: Spel dit asseblief?

MNR JACOBS: Ek sal weer eens die naam spel. Dit is M-h-l-e-m-e-l-i, dan Morris en dan Phoswa is P-h-o-s-w-a. Hy was 'n bestuurslid gewees van AYCO. -- Hy was 'n addisionele lid. (20

En Siphso Camagi - C-a-m-a-g-i. Hy was die organiseerder van of een van die organiseerders van Adelaide Youth Congress? -- Ja, hy was.

En Thapelo Nkayi - T-h-a-p-e-l-o N-k-a-y-i. Hy was ook 'n organiseerder van AYCO? -- Ja, dit is so.

En Lindelwa Doreen Mjandile?

HOF: Wat is die sin van al hierdie name?

MNR JACOBS: Dit is die laaste een. Ek sal nou-nou vir die hof uitbring hoekom ek dit..

HOF: Nou maar goed, wat is die volgende naam? (30

MNR / ..

MNR JACOBS: Lindelwa Doreen M-j-a-n-d-i-l-e. Dit was ook 'n addisionele lid van die bestuur van AYCO - Adelaide Youth Congress. -- Sy was 'n addisionele lid.

En Joseph Botha, jou goeie vriend, hy was die vise-president van die Adelaide Youth Congress? -- Dit is so, ja.

Nou die eerste vyf persone wat ek genoem het, uitsluitende Botha, hulle was ook almal lede van COSAS in Adelaide? -- Nee, ek weet nie van COSAS nie.

Daardie Siphon Camagi, hy was die voorsitter gewees van COSAS? -- Ek weet nie daarvan nie. (10

Hoe is dit moontlik dat jy met hierdie mense op dieselfde komitee dien en jy weet nie eens daarvan dat hulle deel van die bestuur van COSAS op Adelaide gevorm het nie? -- Ek het nie daarvan gehoor toe COSAS gestig word nie.

Maar julle het maar sekerlik goed saamgewerk daar met COSAS in Adelaide? -- Nee, dit is nie so nie.

HOF: Was daar 'n COSAS? -- Ek het nooit daarvan gehoor dat dit daar bestaan het nie.

MNR JACOBS: Hierdie persoon, jou mede-bestuurslid, die een met die snaakse naam en die van July, Ngceneni July, is dit (20 reg hy was die persoon wat aangehou was op 10 April 1985.

HOF: Hy het juis gesê dit is nie 'n bestuurslid nie.

MNR JACOBS: Ek sal dit daar..

HOF: Dan kan u nie vir hom sê jou bestuurslid nie.

MNR JACOBS: Goed, ek stel dit dan dat hierdie persoon July was die persoon wat aangehou was op 10 en blykbaar op die 11de uitgekóm het, van April 1985. -- Hy was op die 8ste aangehou en eers op die 11de vrygelaat.

HOF: Alles April? -- Ja.

MNR JACOBS: Kan u onthou waarvoor hy aangehou was? -- (30

Omdat / ..

Omdat ek nie saam met hom in die skool was nie is ek nie seker daarvan nie. Ek weet nie.

Het jy nie geweet dat hy aangehou was vir dagga nie? -- Ek het net daarvan gehoor, ja.

En hy was op die 11de gevonnis tot lyfstraf omdat hy nog 'n skolier was, dit was 11 April 1985. -- Ja, dit is so.

Nou is dit nie so dat in Aprilmaand 1985 was daar 'n skoleboikot gewees in Adelaide? -- Ja, daar was.

Ja, en hierdie persoon July was 'n skolier gewees? -- Ja.

En ek wil dit aan u stel dat voor die 11de was daar (10 vergadering gehou deur COSAS en was daar eise gestel dat hierdie persoon July vrygelaat moet word. -- Ek weet nie van COSAS nie.

HOF: Maar was daar 'n vergadering waarop geëis is dat hy vrygestel moes word? -- Die skoliere het 'n vergadering gehad.

MNR JACOBS: En geëis dat hy moet vrygelaat word? -- Ja.

En hulle het ook verdere eise gestel daarso in hierdie skoleboikot dat hulle nuwe teksboeke wil hê. -- Ek kan nie alles onthou van daardie vergadering of sê wat alles daar bespreek is nie. (20

En hulle het ook eise gestel dat hulle wil hê dat die prefekte vervang moes word deur studenterade. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Is dit so dat..

HOF: Is dit geleentheid vir die verdaging?

MNR JACOBS: Ekskuus. Dankie, edele.

HOF: Ons moet miskien bietjie die horlosie laat regstel daar agter.

DIE HOF VERDAAG VIR TEE.

DIE / ..

(30

DIE HOF HERVAT NA TEE

MONDE PATRICK NKONKI, nog onder eed (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Dankie. Ek wil dit aan jou stel op daardie vergadering wat deur die skoliere gehou was, was dit toe besluit om na die polisie te gaan en by die polisie te eis dat July vrygelaat moes word. -- Ek weet nie daarvan nie.

En daar was toe ook besluit dat daar 'n optog gehou moes word om hulle ontevredenheid omdat hulle eise nie aan voldoen word nie te openbaar. -- Ek weet nie daarvan nie. (10

Ek wil dit aan jou stel dit was besluit die optog sou op 11 April 1985 wees en dat die Adelaide Youth Congress het honderd persent met die kinders of skoliere saamgewerk. -- Destyds was daar nie 'n Adelaide Youth Congress gewees nie. Dié het nog nie bestaan nie.

En ek wil dit aan jou stel hulle het bestaan, en COSAS het bestaan in Adelaide se skole. -- Dit is nie so nie.

En daardie volgende dag, die 11de, het julle almal saam bymekaar gekom, jy en jou vriend Botha, om hierdie optog in Adelaide te vorm en daaraan deel te neem. -- Dit is nie so (20 nie.

Sê vir die hof hoe laat het jy by die optog aangesluit op 11 April 1985? -- Ek was nie by 'n optog gewees nie.

Glad nie? -- Ek was nie by 'n optog gewees nie.

Wat noem jy hierdie klomp mense wat dan daar deur die strate geloop het en vryheidsliedere gesing het en so aan? -- Dit was 'n klomp mense wat net gesing het omdat hulle bly was oor die vrylating van daardie persoon wat in aanhouding was.

Is dit amper 500 mense wat daar omtrent in daardie groep was? -- Dit is nie so nie. (30

Hoe / ..

Hoe groot was hulle gewees? -- Tussen 150 en 200.

En het daar nie altyd mense aangesluit nie toe julle by Mantewu se huis gekom het dat julle omtrent 500 was op daardie stadium nie? -- Nee, dit was nie so nie.

Dit was toe julle by Mantewu se huis gekom het. -- Omtrent 150.

So dit was nog dieselfde hoeveelheid as toe jy aanvanklik by hulle aangesluit het? -- Ja, by daardie tyd.

En as jy in jou getuienis-in-hoof vir die hof gesê het soos julle geloop het deur die strate het die mense aangesluit daarby, was dit verkeerd gewees? (10

MR TIP: I object to the way that question was put. The evidence was that some people would join and others would leave.

HOF: Dit is korrek, mnr Jacobs.

MNR JACOBS: Ek sal dit daar laat, ons kan dit vir argument los. Nou die dag van die 11de, hoe laat het jy by die groep aangesluit? -- Om en by 18h30.

Die aand? -- Dit is om en by 18h30.

ASSESSOR: Aand? Oggend? -- Die aand.

MNR JACOBS: En julle het vir ongeveer hoe lank deelgeneem, (20 wat jy deelgeneem het aan hierdie rondlopery? -- Waar ek teenwoordig was, was dit omtrent 'n uur.

So sê jy dan jy het die groep verlaat omtrent 19h30? -- Dit is so.

Nou vroeër daardie dag wat het jy gedoen? -- Die oggend was ek by die huis, die namiddag is ek dorp toe. By die dorp het ek nie na 'n spesifieke plek toe gegaan nie, ek het net soontoe gegaan om myself iewers besig te hou waar ek myself kon bly gemaak het.

As jy praat van dorp toe gegaan het, praat jy van die (30 dorp / ..

dorp Adelaide of praat jy van die swart woonbuurt? -- Dorp praat ek van Adelaide, die dorp.

Het jy daar net in die strate rondgeloop? -- Ja, net so rondgeloop en met mense gesels.

Was jy alleen gewees? -- Ek was destyds saam met Josef gewees.

Van die oggend af? -- Nee.

Toe jy na Adelaide, na die dorp toe gegaan het, was jy saam met hom? -- Ja.

Het julle net saam daar in die dorp rondgeloop? -- Ons (10 het saam rondgeloop tot op 'n stadium waar ons nou uiteen was.

En toe julle uiteengaan was dit nog daar in die strate in Adelaide se dorp? -- Wat ek hom daar agtergelaat het was toe hy by die drankplekke ingegaan het.

Watse drankplekke? -- Commercial Hotel.

HOF: Die Commercial Hotel? -- Die Commercial Hotel, ja.

MNR JACOBS: Is jy saam met hom daarin? -- Nee, ek het nie ingegaan nie.

Hoe laat het jy hom daar verlaat? -- Om en by 17h00.

Is jy toe huis toe? -- Ja, ek is. (20

En was jy by die huis tot jy by die groep aangesluit het? -- Ja.

Nou ek wil dit aan jou stel dat wat eintlik gebeur het is datjy en Botha was van die begin af saam met hierdie groep en julle het saamgeloop. -- Dit is nie so nie.

En ek wil dit aan jou stel dat jy en Botha was geïdentifiseer by Springbok se huis as deel van hierdie groep wat daar klippe gegooi het. -- Nee, ons was nie daar nie.

Nou is dit korrek dat by Mantewu se huis was die huis donker gewees? -- Ja, dit het toe net begin donker word. (30

HOF / ..

HOF: Nee, maar daar word gesê die huis was donker of sê u dit was reeds donker?

MNR JACOBS: Die huis was donker, daar was nie ligte in daardie huis nie, niks nie. -- Ja, dit was donker gewees, daar was geen ligte nie.

En op daardie stadium toe julle daar was, toe was dit ook alreeds donker gewees en daar was ook nie straatligte nie? -- Ja.

En julle kon nie sien in sy perseel wat daar aangaan in sy perseel, wie daar staan of wie daar wegkruip nie? -- (10) Bedoel u binne in die huis in?

K1406

Ja, of in die perseel voor die huis, langs die huis of voor die huis. -- En die persoon wat naby was wat langs die perseel gestap het kon sien, kon in die perseel van hom sien.

Het julle tot stilstand gekom daar voor sy huis? -- Nee, ons het nie gestaan nie.

Nie tot stilstand gekom daar en toe gesing daarso nie? -- Ons het nie gestaan nie.

As dit so gestel was of so gesuggereer was aan Mantewu dat julle net daar gestaan het en gesing het dan was dit (20) verkeerd? -- Dit is nie korrek nie.

HOF: Wat is die verwysing?

MNR JACOBS: Ek sal dit net gou vir die hof moet kry, edele. Dit is volume 108, 5 389. Die volgende was gestel:

"Did the crowd slow down or stop outside your house in order to sing what they were singing, but you being a well-trained policeman was not going to be provoked by the young people singing outside your house."

Dit was daardie stelling wat gemaak was. Sien ek wil dit aan u stel dat wat daar gebeur het is toe julle sien die huis is (30

in / ..

in duisternis gehul daar..(bespreking in agtergrond, hof/assessor) En dan as die hof na die volgende bladsy ook kyk, edele, daar staan:

"After the crowd stood for a while outside your house and sang they went further in the direction of Mr Springbok's house.."

Dit is op bladsy 5 390.

HOF: Ja.

